# Dina en haar diere

Illustrasies: Jesse Breytenbach
Outeur: Foziya Mohammed (teks aangepas vir hierdie Groot Boek)

**Kwartaal 4** – Groot Boek 1



Afrikaans

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GGT2030
GROWING GAUTENG TOGETHER



Dina is lief vir haar bok, twee hoenders en kat. Sy voer graag die wilde voëls wat naby haar kom sit.

T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 1 2021/11/04 18:35



Eendag speel Dina by die skool. Sy sien hoe kinders op die speelgrond klippe na 'n paar duiwe gooi.



T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 2 2021/11/04 18:35



Dina hardloop na die kinders toe. “Hou op!” roep sy. “Moenie dit doen nie! Julle maak die duiwe seer.”



T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 3 2021/11/04 18:35



"Ag nee," sê Dina. "Hierdie duiwe het seergekry." Sy besluit om hulle huis toe te neem en te versorg.



T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 4 2021/11/04 18:35



Dina hou die duiwe warm en gee elke dag vir hulle kos en water. Gou is hulle gereed om weer te vlieg.



T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 5
2021/11/04 18:35



Dina se maats is trots op haar. "Diere is ons vriende en ons moet hulle mooi oppas," sê Dina.



T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 6 2021/11/04 18:35

Hierdie Groot Boek is deur Wordworks ontwikkel.
Ontwerp deur Jacqui Botha. Vertaling deur Laetitia Bedeker.
Redigering deur Ilse von Zeuner.

Dit is aangepas van die boek *Fana and her animals*, gepubliseer deur African Storybook (www.africanstorybook.org).

Hierdie Groot Boek is gelisensieer onder 'n Creative Commons Attribution 4.0-lisensie (http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/).

BY NC SA

T4_1 Dina and her animals_big book_A.indd 7 2021/11/04 18:35